
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

# Sinstrukture in Afrikaans Huistaal: veelvoudige sinne

## 1. Inleiding

In Afrikaans kan ons sinne op verskillende maniere gestruktureer (of saamgestel) wees, en op grond daarvan kry ons verskillende sinstrukture, naamlik enkelvoudige sinne, veelvoudige sinne en saamgestelde sinne.

Hierdie terme kan natuurlik met ander terme vervang word (vergelyk figuur 1 hier onder). Die term “saamgestelde sin” en “veelvoudige sin” kan sáám onder die hofie “komplekse sin” kom, want soos wat ons verderaan gaan sien, is hulle struktuur nie simpleks (eenvoudig) nie, maar kompleks. Ook vir hulle kan ander name gegee word.




***Figuur 1: Verskillende sinstrukture in Afrikaans met skool- en alternatiewe VivA-terme***

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

## 2. Veelvoudige sinne

’n Enkelvoudige sin kan aan ’n ander enkelvoudige sin verbind word met behulp van ’n neweskikkende voegwoord / groep 1-voegwoord, soos *en*, *maar*, *want*, *of* en *dog*.

***Voorbeeld:***

- *Die tsoenami vernietig die hawe*. *’n Aardbewing skeur die teerpad.*

<


- *<u>Die tsoenami vernietig die hawe</u>*, ***en*** *<u>’n aardbewing skeur die teerpad</u>.*

Die onderstreepte enkelvoudige sinne word met die neweskikkende voegwoord *en* verbind. Hulle dra *dieselfde gewig.* Met ander woorde, hulle albei kan op hulle eie staan wanneer *en* verwyder word sonder dat ons aan die sinsvolgorde hoef te verander.

- *<u>Die tsoenami vernietig die hawe</u>*, ~~***en***~~ *<u>’n aardbewing skeur die teerpad</u>.*

Maar ons moet ’n ander naam gebruik om nou na hierdie sinne te verwys, want hulle word nie meer op hulle eie gebruik nie. Hulle is nou deel van ’n groter konstruksie (sin). Wat noem ons hulle dan? Bronne verskil:

- Sommige bronne verwys na twee **hoofsinne**.
- Ander bronne verwys weer na **newegeskikte hoofsinne**.
- In VivA se Afrikaansgrammatika verkies ons **newegeskikte sinne** en nie **newegeskikte <u>hoofsinne</u>** nie. Waarom? Die woord “hoofsin” word eintlik gebruik wanneer ’n mens na ’n ander sinstruktuur verwys. Die term “newegeskik” beteken dat die twee sinne hier op dieselfde vlak geskakel word. Hulle dra met ander woorde dieselfde gewig.




Newegeskikte sinne wat deur neweskikkende voegwoorde verbind word, het **onafhanklike sinsvolgorde**. Wat het ons nou weer gesê is onafhanklike sinsvolgorde? Sinne het onafhanklike sinsvolgorde wanneer die onderwerp en die eerste werkwoord *direk langs mekaar* staan.

- Die onderwerp *die tsoenami* staan direk langs die eerste werkwoord *vernietig*.
- Die onderwerp *’n aardbewing* staan direk langs die eerste werkwoord *skeur*.

As dit te moeilik is om te onthou, kan jy net kyk of die eerste werkwoord nog op dieselfde plek staan. Kom ons kyk gou hierna:

***Voorbeeld:***

- *Die tsoenami vernietig die hawe*. *'n Aardbewing skeur die teerpad.*

<

- *Die tsoenami vernietig die hawe*, **en** *'n aardbewing skeur die teerpad.*

**Toetse om 'n veelvoudige sin te identifiseer**

**'n "Ja" moet vir al die volgende vrae gegee word:**

- Is daar twee of meer werkwoorddele (die "gesegde" op skoolvlak) in die sin?
- Word die sinne met 'n neweskikkende voegwoord (bv. *en*, *maar*, *want*, *of* en *dog*) verbind?
- Kan albei sinne op hulle eie gebruik word wanneer die voegwoord weggelaat word, sonder om aan die woordvolgorde te verander?
- Staan die werkwoord in die tweede sin op dieselfde plek?

**Toepassing** : *Die advertensie slaag, **want** dit prikkel mense.*

- Is daar twee of meer werkwoorddele (die "gesegde" op skoolvlak) in die sin?
  - **Ja**, *slaag* en *prikkel*.
- Word die sinne met 'n neweskikkende voegwoord (bv. *en*, *maar*, *want*, *of* en *dog*) verbind?
  - **Ja**, die neweskikkende voegwoord *want* word gebruik, en dit dra daartoe by dat die twee sinne gelykvlakkig is (d.w.s. dieselfde gewig dra), uit die veelvoudige sin gehaal kan word en op hulle eie kan staan.
- Kan albei sinne op hulle eie gebruik word wanneer die voegwoord weggelaat word, sonder om aan die woordvolgorde te verander?
  - **Ja**, hulle kan op hul eie staan wanneer die voegwoord weggelaat word.

    *Die advertensie slaag. Dit prikkel mense.*
- Staan die werkwoord in die tweede sin op dieselfde plek?

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

- **Ja**, die werkwoord *staan* in die tweede sin staan nog op dieselfde plek:

  *Die advertensie slaag.* *Dit prikkel mense.*

  *Die advertensie slaag*, ***want*** *dit prikkel mense*.

